DIE HERE SE GEBED

DIE ONSE VADER

Hoe goed ken ons tog nie die Here se Gebed nie!: Soos 'n rympie uit die kop of 'n lied.\ wat met oorgawe gesing word.

Wanneer laas het jy geluister, regtig geluister, na wat jy bid? Die Onse Vader-gebed is Jesus se antwoord op die vraag 'hoe moet ons bid?' En dit gaan nie net oor daagliks die gebed op te se nie, maar om die betekenis van die gebed te ondersoek, te verstaan, en toe te pas.

DIE ONSE VADER-GEBED (VGL. MATTEUS 6 & LUKAS 11)

ONSE VADER WAT IN DIE HEMEL IS.
LAAT U NAAM GEHEILIG WORD. LAAT U KONINKRYK KOM.
LAAT U WIL GESKIED SOOS IN DIE HEMEL NETSO OP DIE AARDE.
GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD.
EN VERGEEF ONS, ONS SKULDE, SOOS ONS OOK ONS SKULDENAARS VERGEWE.
EN LEI ONS NIE IN VERSOEKING NIE, MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE.
WANT AAN U BEHOORT DIE KONINKRYK,
EN DIE KRAG EN DIE HEERLIKHEID TOT IN EWIGHEID. AMEN

WAT LEER DIE HERE ONS DAN NOU EINTLIK?

Ek kan nie ONSE bid as ek net vir myself leef nie.

Ek kan nie VADER bid as ek nie sy kind geword het nie.

Ek kan nie WAT IN DIE HEMEL IS bid as ek aardsgebonde is nie.

Ek kan nie LAAT U NAAM GEHEILIG WORD bid as ek dit ydellik gebruik nie.

Ek kan nie LAAT U KONINKRYK KOM bid as ek nie sy woord uitdra nie.

Ek kan nie LAAT U WIL GESKIED bid as ek altyd my eie sin wil hê nie.

Ek kan nie SOOS IN DIE HEMEL, NET SO OOK OP DIE AARDE bid as ek nie in die hemel glo nie.

Ek kan nie GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD bid as ek spandabelrig lewe nie.

Ek kan nie VERGEEF ONS, ONS SKULDE bid as ek nie berou het nie.

Ek kan nie SOOS ONS, ONS SKULDENAAR VERGEWE bid as ek met 'n wrok rondloop nie.

Ek kan nie EN LEI ONS NIE (LAAT KOM ONS NIE) IN VERSOEKING bid as ek heeltyd na versoeking toe gaan nie.

Ek kan nie MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE bid as ek die bose gaan uitsoek nie.

Ek kan nie WANT AAN U BEHOORT DIE KONINKRYK bid as ek Jesus nie dien nie.

Ek kan nie EN DIE KRAG bid as daar nog vrees in my hart is nie.

Ek kan nie EN DIE HEERLIKHEID bid as ek my lewe regeer nie.

Ek kan nie TOT IN EWIGHEID bid as ek nie Sy koms verwag nie.

Ek kan nie AMEN bid as ek nie kinderlik glo nie.

HOE BID JY?

- Tot God die Vader?
- In die Naam van Jesus Christus?
- Deur die krag van die Heilige Gees?
- Gelowig? (glo wat jy bid?)
- Volgens God se wil?
- Opreg?
- Vertrouend?

Oorspronklik saamgestel deur Me. Sandra September (Kategeet te St. Konrad van Parzham Katolieke Kerk) namens die Bisdom Oudtshoorn Kategetiese Bedieningspan